Wapadrant E-NUUS

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

04 Aug 2022

PREEKROOSTER AUGUSTUS 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker
07 Augustus **Doop**	Klassiek	**08:30**	Peet Vermeulen
14 Augustus	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit
21 Augustus	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Petrus Grové
28 Augustus **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Peet Vermeulen

08:30 Erediens

"Facebook"
https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube" https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM KENNIS ASSEBLIEF

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas. Afgesluit vir die winter, begin weer **Dinsdag 23 Augustus**.
- Die **Maand-Krant** is op die webblad beskikbaar wees by **http://www.wapadrant.co.za/maand-krant.html**
- **Jeugkleingroepe (Gr 1 – 12) en kleuterkerk (3-6 jariges)** vind gedurende skoolkwartale plaas om 09:30 in hul onderskeie klasse.
    - **Geen byeenkomste vind hierdie Sondag, 7 Augustus, plaas**
    - **Aanbieders en helpers word benodig by kleuterkerk. Kontak asb vir Errol by jeug@gkwapadrant.co.za**
- **Peet Vermeulen** neem 'n welverdiende ruskans. Hy is met verlof 8 Augustus en dan ook 10 – 19 Augustus.
- **Die Kerkkantoor** is Maandag 8 Augustus gesluit.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Hillegonda de Groot wat weer in die Mooigeleë-Oord se sorgsentrum opgeneem is.
- Francois Germishuizen wat in Pretoria-Oos hospitaal is.
- Petro Bouwer wie se 24 jarige kleinseun oorlede is.
- Koos du Plessis wat in hospitaal was en reeds tuis is, maar baie swak is.
- Pieter Erasmus wat in Pretoria-Oos hospitaal is.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Baie geluk aan:

- Herman en Carla de Jonge met die geboorte van hul dogtertjie. Herman en Marietjie de Jonge is die trotse grootouers.

Die volgende dope vind Sondag plaas:

- Leslie en Trudie Watkinson wat vir Anne laat doop.
- Theodore en Jean-Mari Westervelt wat vir Luka Johan laat doop.
- Fourie en Jo-Ann Vorster wat vir Mia Elizabeth en Wian Vorster laat doop.
- Elicus en Madeleine Marais laat doop vir Elicus.

STADBOUERS OPLEIDING

As hemelburger van God se koninkryk is ek op aarde geplaas as stadsbouer,
om die wêreld om my te beïnvloed.
Kom leer hoe om dit te doen!
Kom herposisioneer jou aardse lewe om as hemelburger op te tree!
Kom kry inspirasie om God se geur te versprei!
Kom identifiseer die daaglikse lewensterreine waarin jy moet optree!

HALFJAAR FINANSIëLE OORSIG

Kyk hierdie kort video (6 min.), by die volgende skakel:

https://youtu.be/G2BmpiEa_4Y

UITREIKBEDIENING – NEEM ASSEBLIEF DEEL

JEUG BETROKKE BY SOP-PROJEK

Baie dankie aan die jeug wat Sondag 'n groot hoeveelheid sopbestanddele gebring het!

Julle is staatmakers en goeie Stadsbouers!

Bottels gaan Sondag 14 Augustus 09:30 o.a. deur die Gr 10 leerders verpak word.
Vrywilligers ook baie welkom.
As jy nog 'n bydrae wil maak, doen dit asseblief so gou moontlik.

PASTORALE DIENSSENTRUM BIED AAN

DRAF STAP TRAP VIR BYBELS

Die jaarlikse Draf Stap Trap vir Bybels se inskrywings is nou oop!

Jy kan op enige plek en enige dag tussen 1 en 21 Augustus 2022 deelneem.
Inskrywings kos R100 per persoon en help die Bybelgenootskap om Bybels beskikbaar te stel.
Elke deelnemer kry 'n nommer asook 'n bewys van deelname.

Gebruik die skakel hieronder om in te skryf. Baie dankie dat jy 'n Saaier van Hoop is.
https://www.bybelgenootskap.co.za/index.php/af/raak-betrokke/activities-for-bibles/draf-stap-trap-vir-bybels22

Lidmate wat slegs 'n donasie vir Bybelverspreiding wil maak,
kan dit direk in die kerk se bankrekening doen
(Geref Kerk Wapadrant, ABSA tjek 3490151957. Verwysing **Bybel**)

LIDMAATSKAP BY WAPADRANT GEMEENTE

Indien jy hierdie epos ontvang, beteken dit dat jy wel as lidmaat aangedui word by Wapadrant Gemeente se databasis.
Indien jy nie meer 'n lidmaat is van die gemeente nie, laat weet ons per epos aan admin@gkwapadrant.co.za sodat die nodige attestaat/bewys van lidmaatskap aan jou/julle gestuur kan word.